



Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

6442

6442

Friday, 1 June 2007

Vrydag, 1 Junie 2007

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Reprints are obtainable at Room 9-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001.)

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer 9-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001.)

No.		Page
Provincial Notices		
151	Berg River Municipality: Removal of restrictions	690
153	City of Cape Town: (Cape Town Region): Removal of restrictions	690
154	City of Cape Town: (Blaauwberg Region): Removal of restrictions	690
155	City of Cape Town: (Cape Town Region): Rectification: Removal of restrictions	691
156	Berg River Municipality: Removal of restrictions	691
157	Berg River Municipality: Removal of restrictions	691
158	City of Cape Town: (Cape Town Region): Removal of restrictions	691
159	Bitou Municipality: Removal of restrictions	692
160	Breede Valley Municipality: Removal of restrictions	692
161	Cape Winelands District Municipality: Constitution of Valuation Appeal Board	692
162	Prince Albert Municipality: The Prince Albert Municipality (WC052) Fifth Establishment Amendment Notice	692
Removal of restrictions in towns		
Applications:	694
Tenders:		
Notices:	696
Local Authorities		
Beaufort West Municipality: Closure.....		696
Beaufort West Municipality: Subdivision		696
Berg River Municipality: Departure and consent use.....		696
Berg River Municipality: Departure		697
Berg River Municipality: Consent use.....		697
Cape Agulhas Municipality: Departure		697
Cape Agulhas Municipality: Rezoning		698
City of Cape Town: (Helderberg Region): Special consent, temporary departure and departure		698
City of Cape Town: (Helderberg Region): Special consent and departure.....		699

No.		Bladsy
Provinsiale Kennisgewings		
151	Bergrivier Munisipaliteit: Opheffing van beperkings	690
153	Stad Kaapstad: (Kaapstad Streek): Opheffing van beperkings	690
154	Stad Kaapstad: (Blaauwberg Streek): Opheffing van beperkings	690
155	Stad Kaapstad: (Kaapstad Streek): Regstelling: Opheffing van beperkings	691
156	Bergrivier Munisipaliteit: Opheffing van beperkings	691
157	Bergrivier Munisipaliteit: Opheffing van beperkings	691
158	Stad Kaapstad: (Kaapstad Streek): Opheffing van beperkings	691
159	Bitou Munisipaliteit: Opheffing van beperkings	692
160	Breedevallei Munisipaliteit: Opheffing van beperkings	692
161	Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit: Samestelling van Waardasie-Appèlraad	692
162	Prins Albert Munisipaliteit: Vyfde wysiging van die Munisipaliteit Prins Albert (WC052) Instellingskennisgewing	693
Opheffing van beperkings in dorpe		
Aansoeke:	694
Tenders:		
Kennisgewings:	696
Plaaslike Owerhede		
Beaufort-Wes Munisipaliteit: Sluiting		696
Beaufort-Wes Munisipaliteit: Onderverdeling		696
Bergrivier Munisipaliteit: Afwyking en vergunningsgebruik		696
Bergrivier Munisipaliteit: Afwyking.....		697
Bergrivier Munisipaliteit: Vergunningsgebruik		697
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Afwyking		697
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Hersonerings.....		698
Stad Kaapstad: (Helderberg Streek): Spesiale toestemming, tydelike afwyking en afwyking.....		698
Stad Kaapstad: (Helderberg Streek): Spesiale toestemming en afwyking.....		699

PROVINCIAL NOTICES

The following Provincial Notices are published for general information.

G. A. LAWRENCE,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 151/2007

1 June 2007

BERG RIVER MUNICIPALITY**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

I, Farzana Parker, in my capacity as Deputy Director in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 81, Velddrif, remove conditions C. "1.(d) and E.6. (a), (b), (c) and (d) contained in Deed of Transfer No. T.22273 of 1990.

P.N. 153/2007

1 June 2007

CITY OF CAPE TOWN**CAPE TOWN ADMINISTRATION****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

Notice is given that the Minister of Environment Affairs and Development Planning, properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 307, Camps Bay, remove conditions B."6. (a) and B."6. (n) 1. and 2. as contained in current Deed of Transfer No. T.98317/2001.

P.N. 154/2007

1 June 2007

CITY OF CAPE TOWN**BLAAUWBERG REGION****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

I, Farzana Kapdi, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 23020, Milnerton, remove condition B. (i) (a) in Deed of Transfer No. T.120043 of 2004.

PROVINSIALE KENNISGEWINGS

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

G. A. LAWRENCE,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 151/2007

1 Junie 2007

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Ek, Farzana Parker, in my hoedanigheid as Adjunk-Direkteur in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 81, Velddrif, hef voorwaardes C. "1. (d) en E. 6. (a), (b), (c) en (d) vervat in Transportakte Nr. T.22273 van 1990, op.

P.K. 153/2007

1 Junie 2007

STAD KAAPSTAD**KAAPSTAD ADMINISTRASIE****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Kennis geskied dat die Minister van Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning, behoorlik aangewys as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staats President Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 307, Kampsbaai, wysig voorwaardes B."6. (a) en B."6. (n) 1. en 2. soos vervat in huidige Transportakte No. T.98317/2001, op.

P.K. 154/2007

1 Junie 2007

STAD KAAPSTAD**BLAAUWBERG STREEK****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Ek, Farzana Kapdi, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 23020, Milnerton, hef voorwaarde B. (i) (a) in Transportakte Nr. T.120043 van 2004, op.

P.N. 155/2007

1 June 2007

RECTIFICATION

CITY OF CAPE TOWN

CAPE TOWN ADMINISTRATION

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

Notice is hereby that the Minister of Environment Affairs and Development Planning, properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owners of Remainder of Erf 31814, Cape Town at Rosebank, removes condition 3 contained in Deed of Transfer No. T1 of 1897 and hidden behind the pivot deed in Deed of Transfer no T.40808 of 2001.

P.N. 414/2006 dated 1/12/2006 is hereby cancelled.

P.N. 156/2007

1 June 2007

BERG RIVER MUNICIPALITY

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

I, Farzana Parker, in my capacity as Deputy Director in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owners of Erf 493, Piketberg, remove conditions B. 3. (a), (b), (c) and (d) contained in Deed of Transfer No. T.36137 of 2006.

P.N. 157/2007

1 June 2007

BERG RIVER MUNICIPALITY

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

I, Farzana Parker, in my capacity as Deputy Director in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 151, Velddrif, remove conditions D. and E. 6. (b), (c) and (d) contained in Deed of Transfer No. T.53907 of 2006.

P.N. 158/2007

1 June 2007

CITY OF CAPE TOWN

CAPE TOWN ADMINISTRATION

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

Notice is hereby given that the Minister of Environment, Planning and Economic Development, properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 1079, Vredehoek, removes condition (3) "A." 1. in Deed of Transfer No. T.19684 of 1982.

P.K. 155/2007

1 Junie 2007

REGSTELLING

STAD KAAPSTAD

KAAPSTAD ADMINISTRASIE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning, behoorlik aangewys as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staats President Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaars van Restant Erf 31814, Kaapstad te Rosebank, hef vooraarde 3. soos vervat in Transportakte Nr. 1 van 1897, en skuil agter die spilakte in Transportakte nr T.40808 van 2001, op.

P.K. 414/2006 gedateer 1/12/2006, is hierby gekanseleer.

P.K. 156/2007

1 Junie 2007

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

Ek, Farzana Parker, in my hoedanigheid as Adjunk-Direkteur in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaars van Erf 493, Piketberg, hef voorwaardes B. 3. (a), (b), (c) en (d) vervat in Transportakte Nr. T.36137 van 2006, op.

P.K. 157/2007

1 Junie 2007

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

Ek, Farzana Parker, in my hoedanigheid as Adjunk-Direkteur in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 274, Velddrif, hef voorwaardes D. en E. 6. (b), (c) en (d) vervat in Transportakte Nr. T.53907 van 2006, op.

P.K. 158/2007

1 Junie 2007

STAD KAAPSTAD

KAAPSTAD ADMINISTRASIE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Omgewingsake, Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling, behoorlik aangewys as Bevoegde Gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 1079, Vredehoek, hef voorwaarde (3) "A." 1. in Transportakte Nr. T.19684 van 1982, op.

P.N. 159/2007 1 June 2007

BITOU MUNICIPALITY
REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

Notice is hereby given that the Minister of Environment, Planning and Economic Development, properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erven 1273 and 1274, Plettenberg Bay, remove conditions D.4.(a),(b),(c),(d), F.1. & F.7. contained in Deed of Transfer No. T.92883 of 2003, Erf 1273, and conditions D.4.(a),(b),(c),(d), E.1. & E.7. contained in Deed of Transfer No. T.15631 of 1977, Erf 1274.

P.N. 160/2007 1 June 2007

BREEDE VALLEY MUNICIPALITY
REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

I, Jeremy Benjamin, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 166, Rawsonville, remove conditions D.1., 2., and 3 contained in Deed of Transfer No. T.20065 of 2006.

P.N. 161/2007 1 June 2007

CAPE WINELANDS DISTRICT MUNICIPALITY
(DISTRICT MANAGEMENT AREA)
CONSTITUTION OF VALUATION APPEAL BOARD

In terms of Section 56 of the Municipal Property Rates Act, 2004 (Act 6 of 2004) notice is hereby given for the constitution of a valuation appeal board for the area of jurisdiction of the Cape Winelands District Municipality (District Management Area).

The members appointed are as follows:

Chairperson: Adv. M. Mdludlu;
Professional Valuer: Mr. N. Marais;
Professional Valuer: Mr. K. Wynne; and
Other member: Ms. F. Moko

Dated at Cape Town this 23rd day of May 2007.

MR Q R DYANTYI
MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT AND HOUSING

P.N. 162/2007

LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL STRUCTURES ACT, 1998
(ACT 117 OF 1998)

THE PRINCE ALBERT MUNICIPALITY (WC052) FIFTH ESTABLISHMENT AMENDMENT NOTICE

By virtue of the powers vested in me by section 16 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998), as amended, I hereby give notice of the fifth amendment of the Prince Albert Municipality (WC052) Establishment Notice, Provincial Notice 507 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 5593 dated 22 September 2000 (the Principal Notice), as amended by Provincial Notice 693 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 5645 dated 4 December 2000, Provincial Notice 474 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 5971 dated 19 December 2002, Provincial Notice 217 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 6029 dated 9 June 2003 and Provincial Notice 27 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 6336 dated 3 January 2006 on the terms set out in the Schedule hereto.

Dated this 23rd day of May 2007.

Q R DYANTYI, PROVINCIAL MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT AND HOUSING

SCHEDULE

Amendment of section 9 of the principal Notice

- Section 9 of the Schedule of the principal Notice is hereby amended by the substitution for section 9 of the following section:

P.K. 159/2007 1 Junie 2007

BITOU MUNISIPALITEIT
WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Omgewing, Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling, behoorlik aangewys as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperrings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erwe 1273 en 1274, Plettenbergbaai, hef voorwaardes D.4.(a),(b),(c),(d), F.1. en F.7. vervat in Transportakte Nr. T.92883 van 2003, Erf 1273 en voowaardes D.4.(a),(b),(c),(d), E.1. en E.7. vervat in Transportakte No. T.15631 van 1977, Erf 1274, op.

P.K. 160/2007 1 Junie 2007

BREËVALLEI MUNISIPALITEIT
WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

Ek, Jeremy Benjamin, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperrings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 166, Rawsonville, hef voorwaardes D.1., 2. en 3, vervat in Transportakte Nr. T.20065 van 2006 op.

P.K. 161/2007 1 June 2007

KAAPSE WYNLAND DISTRIKSMUNISIPALITEIT
(DISTRIK BESTUURSGBIED)
SAMESTELLING VAN WAARDASIE-APPËLRAAD

Kennis word gegee kragtens Artikel 56 van die "Municipal Property Rates Act, 2004 (Act 6 of 2004)" op Eiendomswaardering, vir die samestelling van 'n waardasie-appëlraad vir die regsgebied van Kaapse Wynland Distrikmunisipaliteit (Distrik Bestuursgebied).

Die lede wat aangestel word is die volgende:

Voorsitter: Advokaat M. Mdludlu;
Professionele Waardeerder: Mnr. N. Marais;
Professionele Waardeerder: Mnr. K. Wynne; en
Ander lid: Me. F. Moko

Gedateer te Kaapstad op hierdie 23ste dag van Mei 2007.

MNR Q R DYANTYI
MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING EN BEHUISING

1 June 2007

“Full-time Councillors

9. The Local Municipality may designate the following councillors as full time councillors:
 - (a) the executive mayor, and
 - (b) the speaker.

Short title and commencement

2. This Notice is called the Prince Albert Municipality Fifth Establishment Amendment Notice and comes into operation on the date of publication.

P.K. 162/2007

1 Junie 2007

WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STRUKTURE, 1998
(WET 117 VAN 1998)

VYFDE WYSIGING VAN DIE MUNISIPALITEIT PRINS ALBERT (WC052) INSTELLINGSKENNISGEWING

Uit hoofde van die gesag aan my verleen by artikel 16 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), soos gewysig, gee ek hierby kennis van die vyfde wysiging van die Munisipaliteit Prins Albert (WC052) Instellingskennisgewing, Provinsiale Kennisgewing 507 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 5593 van 22 September 2000 (die Hoofkennisgewing), soos gewysig deur Provinsiale Kennisgewing 693 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 5645 gedateer 4 Desember 2000, Provinsiale Kennisgewing 474 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 5971 gedateer 19 Desember 2002, Provinsiale Kennisgewing 217 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 6029 gedateer 9 Junie 2003 en Provinsiale Kennisgewing 27 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 6336 gedateer 3 Januarie 2006 op die voorwaardes wat in die Bylaag hiervan uiteengesit word.

Gedateer op hierdie 23ste dag van Mei 2007.

Q R DYANTYI, PROVINSIALE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING EN BEHUISING

BYLAAG

Wysiging van artikel 9 van die Hoofkennisgewing

1. Artikel 9 van die Bylaag van die Hoofkennisgewing word hierby gewysig deur artikel 9 met die volgende artikel te vervang:

“Voltydse Raadslede

 9. Die Plaaslike Munisipaliteit mag die volgende raadslede as voltydse raadslede aanwys:
 - (a) die uitvoerende burgemeester, en
 - (b) die speaker.

Kort titel en inwerkingtreding

2. Hierdie Kennisgewing heet die Vyfde Wysigingskennisgewing van die Munisipaliteit Prins Albert Instellingskennisgewing en tree in werking op die datum van publikasie.

P.N. 162//2007

1 June 2007

UMTHETHO OYILOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL STRUCTURES ACT, 1998
(UMTHETHO 117 KA-1998)

ISAZISO SESIHLANU SOLUNGISO SEZICWANGCISO-ZIKHUNDLA KUMASIPALA WASEPRINCE ALBERT (WC052)

Ngokwamandla andigunyazisayo ngokwecandelo 16 lomthetho oyiLocal Government: Municipal Structures Act, 1998 (Umthetho 117 ka-1998), njengoko ulungisiwe, ndikhupha isaziso solungiso lwesine ngokubhekiselele kuMasipala wasePrince Albert (WC052) kwiSaziso sokuSeka izikhundla, kwiSaziso sePhondo esingu-507 esapapashwa kwiGazethi yePhondo eyoNgezelelweyo enguNombolo 5593 yomhla wama-22 kuSeptemba ka-2000 (iSaziso sePhondo), njengoko silungisiwe siSaziso sePhondo esingu-693 esapapashwa kwiGazethi yePhondo eyoNgezelelweyo enguNombolo 5645 yomhla wesi-4 kuDisemba ka-2000, iSaziso sePhondo esingu-474 esapapashwa kwiGazethi yePhondo eyoNgezelelweyo enguNombolo 5971 yomhla we-19 kuDisemba ka-2002, iSaziso sePhondo esingu-217 esapapashwa kwiGazethi yePhondo eyoNgezelelweyo enguNombolo 6029 yomhla wesi-9 kuJuni ka-2003 nakwiSaziso sePhondo esingu-27 esapapashwa kwiGazethi yePhondo eyoNgezelelweyo enguNombolo 6336 yomhla wesi-3 kuJanuwari ka-2006, nesandlaliweyo kule Shedyuli ilapha.

Umhla we-23 kuMeyi ka-2007.

UMNU. Q R DYANTYI, UMPHATHISWA WEPHONDO KURHULUMENTE WEENQILA NEZEZINDLU

ISHEDYULI

Izilungiso zecandelo 9 weSaziso esiyintloko

1. Icandelo 9 leShedyuli leSaziso esiyintloko siyalungiswa ngokufakela eli candelo lilandelayo endaweni yecandelo 9:

“OoCeba abaSigxina

 9. Umasipala weSithili angamisela aba ceba balandelayo njengooceba besigxina
 - (a) Usodolophu wesiqqeba solawulo, ndawonye
 - (b) nosomlomo.

Isihloko esifutshane nokuqalisa

2. Esi Saziso kuthiwa kuMasipala wasePrince Albert solungiso lweSaziso esiSekiweyo okweSithathu kwaye siya kuqalisa ukusebenza ngomhala esiya kupapashwa ngaso.

CITY OF CAPE TOWN (CAPE TOWN REGION)

REMOVAL OF RESTRICTIONS, SUBDIVISION AND DEPARTURES

- Remainder Erf 49753, Cape Town at Newlands (*second placement*)

Notice is hereby given in terms of section 3(6) of the Removal of Restrictions Act and sections 15 and 24 of the Land Use Planning Ordinance No 15 of 1985 that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the Development Co-ordinator, Department: Planning and Building Development Management, City of Cape Town, 14th Floor, Civic Centre, Hertzog Boulevard, Cape Town, and any enquiries may be directed to Ms Q Savahl, PO Box 4529, Cape Town, 8000 on (021) 400-3906 or faxed to (021) 421-1963 or e-mailed to Quanitah.Savahl@capetown.gov.za during office hours (08:00-14:30). The application is also open to inspection at the office of the Director, Integrated Environmental Management, Region B1, Provincial Government of the Western Cape at Room 604, 1 Dorp Street, Cape Town from 08:00-12:30 and 13:00-15:30 (Monday to Friday). Telephonic enquiries in this regard may be made at (021) 483-4589 and the Directorate's fax number is (021) 483-3098.

Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing at the office of the abovementioned Director: Integrated Environmental Management at Private Bag X9086, Cape Town, 8000, with a copy to the abovementioned Development Co-ordinator on or before 2 July 2007, quoting the above Act and Ordinance and the objector's erf number, phone number and address. Any objections received after the aforementioned closing date may be disregarded. The closing date for objections is 2 July 2007.

Applicant: Camcon

Application No.: LM 3538 (118508)

Address: 59 Rhodes Drive

Nature of Application: Removal of restrictive title conditions to enable the owners to subdivide the property into two portions (Portion 1 ± 653 m² in extent and remainder ± 850 m² in extent) for residential purposes. The building line restrictions will be encroached.

The following departures from the Cape Town Zoning Scheme Regulations have been applied for:

Section 47(1) — To permit a double garage to be setback 1,5 m in lieu of 4,5 m from the road widening line along Rhodes Drive.

Section 54(3) — To permit the existing building on the remainder to be 0 m from the south western boundary with Portion 1.

Achmat Ebrahim, City Manager

STAD KAAPSTAD (KAAPSTAD-STREEK)

OPHEFFING VAN BEPERKINGS, ONDERVERDELING EN AFWYKINGS

- Restant Erf 49753, Kaapstad te Nuweland (*tweede plasing*)

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 3(6) van die Wet op Opheffing van Beperkings, Wet 84 van 1967, en artikels 15 en 24 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, no. 15 van 1985, dat onderstaande aansoek ontvang is en ter insae beskikbaar is by die kantoor van die Ontwikkelingskoördineerder, Departement: Beplanning en Bouontwikkelingsbestuur, Kaapstad-Streek, Stad Kaapstad, 14de Verdieping, Burgersentrum, Hertzog-boulevard, Kaapstad 8001, en dat enige navrae gerig kan word aan me. Q Savahl, Posbus 4529, Kaapstad 8000, of per e-pos na Quanitah.Savahl@capetown.gov.za gestuur kan word, tel (021) 400-3906 of faksno. (021) 421-1963, weekdae gedurende kantoorure (08:30 tot 14:30). Die aansoek is ook ter insae beskikbaar by die kantoor van die Direkteur: Geïntegreerde Omgewingsbestuur (Streek B1), Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, Kamer 604, Dorpstraat 1, Kaapstad van 08:00-12:30 en 13:00-15:30 (Maandag tot Vrydag). Telefoniese navrae kan gerig word aan (021) 483-4589, en die Direktooraat se faksno. is (021) 483-3098.

Enige besware of kommentaar, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik ingedien word by die kantoor van bogenoemde Direkteur: Geïntegreerde Omgewingsbestuur, Privaatsak X9086, Kaapstad 8000, met 'n afskrif aan bogenoemde Ontwikkelingskoördineerder, voor of op 2 Julie 2007, met vermelding van bogenoemde Wet en Ordonnansie en die beswaarmaker se erf- en telefoonnommer en adres. Besware en kommentaar wat na voormelde sluitingsdatum ontvang word, kan dalk buite rekening gelaat word.

Aansoeker: Camcon

Aansoekno.: LM 3538 (118508)

Adres: Rhodesrylaan 59

Aard van Aansoek: Die opheffing van beperkende titelvoorwaardes ten einde die eienaars van die eiendom in staat te stel om die eiendom vir residensiële doeleindes in twee gedeeltes (Gedeelte 1 ± 653 m² groot en die restant ± 850 m² groot) te onderverdeel. Die boulynbeperkings sal oorskry word.

Daar is om die volgende afwykings van die Kaapstadse Sonering-skemeregulasies aansoek gedoen:

Artikel 47(1) — ten einde toe te laat dat 'n dubbelmotorhuis se inspringing 1,5 m in plaas van 4,5 m van die padverbredingslyn langs Rhodesrylaan is.

Artikel 54(3) — ten einde die bestaande gebou op die restant 0 m van die suidwestelike grens met Gedeelte 1 toe te laat.

Achmat Ebrahim, Stadsbestuurder

THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967) AND APPLICATION FOR SUBDIVISION OF
ERF 799, CALEDON

Notice is hereby given in terms of section 3(6) of the above Act that the undermentioned application has been received and is open to inspection from 1 June 2007 to 2 July 2007 at the office of the Municipal Manager, Theewaterskloof Municipality, P.O. Box 24, Caledon, 7230, and any enquiries may be directed to the abovementioned address. The application is also open to inspection at the office of the Director, Integrated Environmental Management: Region B1, Provincial Government of the Western Cape, at Room 601, 1 Dorp Street, Cape Town, from 08:00-12:30 and 13:00-15:30 (Monday to Friday). Telephonic enquiries in this regard may be made at (021) 483-3009 and the Directorate's fax number is (021) 483-4372.

Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing at the office of the abovementioned Director: Integrated Environmental Management at Private Bag X9086, Cape Town, 8000, with a copy to the abovementioned Municipal Manager/Chief Executive Officer on or before 2 July 2007, quoting the above Act and the objector's erf number. Any comments received after the mentioned closing date therefor may be disregarded.

*Applicant**Nature of Application*

Mirinda de Beer on behalf of A.S. Marais	Removal of restrictive title conditions applicable to Erf 799, Uppington Street, Caledon, to enable the owner to subdivide the erf into two portions (797 m ² and 403 m ²) to allow the owner to transfer the residential unit to the buyer.
--	---

S. Wallace, Municipal Manager, Municipal Office, P.O. Box 24, Caledon 7230.

Reference number: C/799 Notice number: KOR 70/2007

CITY OF CAPE TOWN (TYGERBERG REGION)

REMOVAL OF RESTRICTIONS

- Erf 375, Monte Vista (*second placement*)

Notice is hereby given in terms of section 3(6) of the Removal of Restrictions Act, Act 84 of 1967 that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the Municipal Manager, Tygerberg Region, Voortrekker Road, Goodwood. Any enquiries may be directed to Mr D Stevens, Town Planner, PO Box 100, Goodwood, 7459, First Floor, Municipal Offices, Goodwood, e-mail Darrel.Stevens@capetown.gov.za, tel (021) 590-1422, fax (021) 590-1420.

The application is also open to inspection at the office of the Director, Land Development Management, Provincial Government of the Western Cape, at Room 601, 27 Wale Street, Cape Town, from 08:00-12:30 and 13:00-15:30 (Monday to Friday). Telephonic enquiries in this regard may be made at (021) 483-4173 and the Directorate's fax number is (021) 483-3633.

Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing at the office of the abovementioned Director: Land Development Management at Private Bag X9086, Cape Town, 8000, with a copy to the abovementioned Municipal Manager (Attention: Mr D Stevens) on or before 3 July 2007, quoting the above Act and the objector's erf number. Any comments received after the aforementioned closing date may be disregarded.

Applicant: A J Reynecke

Nature of Application: Removal of restrictive title conditions applicable to Erf 375, Monte Vista to enable the owner to build a braai room and a carport on the property.

(W18/6/2/48)

Achmat Ebrahim, City Manager

THEEWATERSKLOOF MUNISIPALITEIT

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967) EN AANSOEK OM ONDERVERDELING VAN
ERF 799, CALEDON

Kragtens artikel 3(6) van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê vanaf 1 Junie 2007 tot 2 Julie 2007 by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, Theewaterskloof Munisipaliteit, Posbus 24, Caledon, 7230 en enige navrae kan gerig word aan bogenoemde adres. Die aansoek lê ook ter insae by die Kantoor van die Direkteur, Geïntegreerde Omgewingsbestuur: Streek B1, Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, by Kamer 601, Dorpstraat 1, Kaapstad, vanaf 08:00-12:30 en 13:00-15:30 (Maandag tot Vrydag). Telefoniese navrae in hierdie verband kan gerig word aan (021) 483-3009 en die Direkoraat se faksnummer is (021) 483-4372.

Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van die bogenoemde Direkteur: Geïntegreerde Omgewingsbestuur, Privaatsak X9086, Kaapstad, 8000, met 'n afskrif aan die bogenoemde Munisipale Bestuurder/Hoof-Uitvoerende Beamppte, ingedien word op of voor 2 Julie 2007, met vermelding van bogenoemde Wet en die beswaarmaker se ernommer. Enige kommentaar wat na die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word, mag moontlik nie in ag geneem word nie.

*Aansoeker**Aard van Aansoek*

Mirinda de Beer namens A.S. Marais	Opheffing van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op Erf 799, Uppingtonstraat om die eienaar in staat te stel om die eiendom te onderverdeel in twee gedeeltes (797 m ² en 403 m ²) sodat die eienaar die bestaande woonhuis op die eiendom aan 'n voornemende koper kan transporter.
------------------------------------	---

S. Wallace, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantoor, Posbus 24, Caledon 7230.

Verwysingsnommer: C/779 Kennisgewingsnommer: KOR 70/2007

STAD KAAPSTAD (TYGERBERG-STREEK)

OPHEFFING VAN BEPERKINGS

- Erf 375, Monte Vista (*tweede plasing*)

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 3(6) van die Wet op Opheffing van Beperkings, Wet 84 van 1967, dat onderstaande aansoek ontvang is en ter insae beskikbaar is by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, Tygerberg-Streek, Voortrekkerweg, Goodwood. Enige navrae kan gerig word aan mnr. D Stevens, Stadsbeplanner, Posbus 100, Goodwood 7459, Eerste Vloer, Munisipale Kantore, Goodwood, e-pos Darrel.Stevens@capetown.gov.za, tel (021) 590-1422, faksno (021) 590-1420.

Die aansoek is ook ter insae beskikbaar by die kantoor van die Direkteur: Grondontwikkelingsbestuur, Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, Kamer 601, Waalstraat 27, Kaapstad, van 08:00-12:30 en 13:00-15:30 (Maandag tot Vrydag). Telefoniese navrae in die verband kan gerig word aan (021) 483-4173, en die Direkoraat se faksno. is (021) 483-3633.

Enige besware, met volledige redes daarvoor, moet voor of op 3 Julie 2007 skriftelik ingedien word by die kantoor van bogenoemde Direkteur: Grondontwikkelingsbestuur, Privaatsak X9086, Kaapstad 8000, met 'n afskrif aan bogenoemde Munisipale Bestuurder (aandag: mnr. D Stevens), met vermelding van bogenoemde Wet en die beswaarmaker se ernommer. Enige besware wat na voormelde sluitingsdatum ontvang word, kan dalk buite rekening gelaat word.

Aansoeker: A J Reynecke

Aard van Aansoek: Die opheffing van beperkende titelvoorwaardes wat op Erf 375, Monte Vista, van toepassing is, ten einde die eienaar in staat te stel om 'n braaivertrek en motorafdak op die eiendom te bou.

(W18/6/2/48)

Achmat Ebrahim, Stadsbestuurder

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**MUNICIPALITY BEAUFORT WEST**

Notice No. 36/2007

CLOSURE OF PUBLIC PLACE ERF 4198, BEAUFORT WEST

Notice is hereby given in terms of section 6(1) of the By-Law relating to the Management and Administration of the Municipality's Immovable Property that public place erf 4198, Beaufort West, has been closed as a whole.

Reference: S/4620 v3 p17

J. Booyen, Municipal Manager, Municipal Offices, 112 Donkin Street, Beaufort West 6970.

1 June 2007 27006

MUNICIPALITY BEAUFORT WEST

Notice No. 37/2007

PROPOSED SUBDIVISION OF ERVEN 70-72, GARB STREET, BEAUFORT WEST

Notice is hereby given in terms of section 24 of Ordinance 15/1985 that the Local Council has received an application for the sub-division of erven 70-72, situated at Garb Street, Beaufort West in order to divide the aforementioned property into fourteen (14) separate erven.

Further details regarding the abovementioned application are available for inspection at the Office of the Director: Corporative Services, 112 Donkin Street, Beaufort West from Mondays to Fridays between 07:30 till 13:00 and 13:45 till 16:15.

Objections, if any, against the proposed sub-division must be lodged in writing with the undersigned on or before Friday, 22 June 2007 stating full reasons for such objections.

J. Booyen, Municipal Manager, Municipal Offices, 112 Donkin Street, Beaufort West 6970.

Ref. No. 12/4/5/2 1 June 2007 27007

BERG RIVER MUNICIPALITY**APPLICATION FOR DEPARTURE AND CONSENT USE: ERF 478, PIKETBERG**

Notice is hereby given in terms of section 9 of Council's Zoning Scheme (compiled in terms of the Land Use Planning Ordinance, No. 15 of 1985) as well as in terms of section 15 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the Municipal Manager, Berg River Municipality and any enquiries may be directed to Mr. W. Wagener, Head Planning and Development, P.O. Box 60 (13 Church Street), Piketberg 7320 at tel (022) 9131126 or fax (022) 9131380.

Any objections, with full reasons therefor, must be lodged in writing at the office of the Municipal Manager on or before 2 July 2007, quoting the above Ordinance and the objector's erf number.

Applicant: M. Le R. van Wyk

Nature of Application: Departure in order to accommodate flats on ground floor as well as consent use for place of entertainment in order to accommodate gambling machines.

MN 61/2007 1 June 2007 27008

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE**MUNISIPALITEIT BEAUFORT-WES**

Kennisgewingno. 36/2007

SLUITING VAN OPENBARE PLEK ERF 4198, BEAUFORT-WES

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepaling van artikel 6(1) van die Verordening insake die Bestuur en Administrasie van die Munisipaliteit se Onroerende Eiendom dat openbare plek erf 4198, Beaufort-Wes, nou ingeheel gesluit is.

Verwysing: S/4620 v3 p17

J. Booyen, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantore, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes 6970.

1 Junie 2007 27006

MUNISIPALITEIT BEAUFORT-WES

Kennisgewingno. 37/2007

VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERWE 70-72, GARBSTRAAT, BEAUFORT-WES

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 24 van Ordonnansie 15 van 1985 dat die Plaaslike Raad 'n aansoek ontvang het vir die onderverdeling van erwe 70-72 geleë te Garbstraat, Beaufort-Wes ten einde die voormelde eiendom in veertien (14) afsonderlike erwe te verdeel.

Volledige besonderhede met betrekking tot die bogemelde aansoek lê ter insae by die Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes vanaf Maandae tot Vrydae vanaf 07:30 tot 13:00 en 13:45 tot 16:15.

Besware, indien enige, teen die voorgestelde onderverdeling moet skriftelik en met vermelding van volledige redes vir sodanige besware by die ondergetekende ingedien word voor of op Vrydag, 22 Junie 2007.

J. Booyen, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantore, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes 6970.

Verw. Nr. 12/4/5/2 1 Junie 2007 27007

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**AANSOEK OM AFWYKING EN VERGUNNINGSGEBRUIK: ERF 478, PIKETBERG**

Kragtens regulasie 9 van die Raad se Soneringskema (opgestel ingevolge die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, No. 15 van 1985) asook artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, Bergrivier Munisipaliteit en enige navrae kan gerig word aan W. Wagener: Hoof Beplanning en Ontwikkeling, Posbus 60 (Kerkstraat 13), Piketberg 7320 tel. (022) 9131126 of faks (022) 9131380.

Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, ingedien word op of voor 2 Julie 2007 met vermelding van bogenoemde Ordonnansie en die beswaarmaker se erfnummer.

Aansoeker: M. Le R. van Wyk

Aard van Aansoek: Afwyking ten einde woonstelle op grondvloer te akkommodeer asook vergunning vir vermaaklikheidsplek ten einde slotmasjiene te akkommodeer.

MK 61/2007 1 Junie 2007 27008

BERG RIVER MUNICIPALITY

APPLICATION FOR DEPARTURE: ERF 218, PIKETBERG

Notice is hereby given in terms of section 15 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the Municipal Manager, Berg River Municipality and any enquiries may be directed to Mr. W. Wagener, Head Planning and Development, P.O. Box 60 (13 Church Street), Piketberg 7320 at tel (022) 9131126 or fax (022) 9131380.

Any objections, with full reasons therefor, must be lodged in writing at the office of the Municipal Manager on or before 2 July 2007, quoting the above Ordinance and the objector's erf number.

Applicant: J.H.P. Lategan

Nature of Application: Departure in order to operate a Bed-and-Breakfast Establishment from the premises.

MN 60/2007 1 June 2007

27009

BERG RIVER MUNICIPALITY

APPLICATION FOR CONSENT USE: ERF 52, VELDDRIF

Notice is hereby given in terms of regulation 4.7 of Council's Zoning Scheme (compiled in terms of Ordinance 15 of 1985) that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the Municipal Manager, Berg River Municipality and any enquiries may be directed to Mr. W. Wagener, Head Planning and Development, P.O. Box 60 (13 Church Street), Piketberg 7320 at tel (022) 9131126 or fax (022) 9131380.

Any objections, with full reasons therefor, must be lodged in writing at the office of the Municipal Manager on or before 2 July 2007, quoting the above Ordinance and the objector's erf number.

Applicant: E.S. Ellis

Nature of Application: Consent use in order to operate a Guesthouse (Tourism Business) from the premises.

MN 59/2007 1 June 2007

27010

CAPE AGULHAS MUNICIPALITY

PROPOSED DEPARTURE: ERF 1181, BREDASDORP

Notice is hereby given in terms of the Land Use Planning Ordinance 1985 (No 15 of 1985) that Council received the following application:

- Departure in terms of article 15(1)(a)(i) for a street building line departure on Cereal Street and Patterson Street, in terms of the Bredasdorp Scheme Regulations.

